Downloaded from Stanmorephysics.com


basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop ná ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

**MrBEAST ... KONING VAN *YOUTUBE*, PRINS VAN *TIKTOK***

1 Wie is MrBeast?




2 Hierdie 27-jarige Amerikaner se regte naam is James Stephen Donaldson, maar mense noem hom sommer Jimmy. MrBeast is sy aanlyn naam. In die wêreld van smaakmakers (*influencers*) op *YouTube*, *TikTok* en *Instagram* is hy op die oomblik die nommer-een-inhoudskepper (*content creator*)! Hy het meer as 500 miljoen volgelinge en meer as 320 miljoen mense is op sy *YouTube*-kanaal ingeteken. Dit beteken dat meer mense na sy video's kyk as na enigiemand anders s'n.

3 Jimmy is die jongste multimedia-miljoenêr in die wêreld wat op eie stoom so ryk geword het. Die kompetisie op sosiale media is kwaai. Almal probeer om soveel as moontlik volgelinge en klikke te kry. Daarom is mense soms baie lelik met mekaar, maar Jimmy is anders. Hy is die 'good-guy influencer'.

4 Jimmy lééf vir *YouTube*. Hy was 'n leerder aan die Greenville Christian Academy en het altyd gevoel die ander kinders in sy skool verstaan nie sy passie vir *YouTube* nie. Hy was dertien toe hy sy eerste video's op *YouTube* gelaai het. In hierdie video's het hy videospeletjies gespeel en baie "slim" dinge gesê. Mense het nie baie daarvan gehou nie.




5 Jimmy was soos 'n masjien. Hy het net aangehou. Hy het alles van *YouTube* geleer wat hom kon help om 'n goeie *YouTuber* te wees. Hy het geleer watter video's meer as ander gedeel word en hoe jy *YouTube* se blikbrein kan gebruik om mense na jóú video's te laat kyk. Jimmy wou hê mense moet wonder oor dinge en iets voel wanneer hulle na sy video's kyk. Hulle moet vrae vra en wonder hoe hy dit gedoen het. As hulle só reageer, sal hulle hom volg!

6 MrBeast het bekend geraak vir sy wilde video's, byvoorbeeld om homself lewend te laat begrawe. Hy is al deur ander gekritiseer dat hy soms onsensitiewe taal gebruik. Daar is ook mense wat sê dat die plekke waar sy video's gemaak word, nie altyd baie veilig is nie.

Downloaded from Stanmorephysics.com


7 Tussen al sy toertjies deur gee Jimmy ook baie geld om mense, diere en die natuur te help. Hy het 'n tweede *YouTube*-kanaal, Beast Philanthrophy, wat hy hiervoor gebruik. Hy het al 100 honde gehelp om huise te kry en meer as 20 000 pare skoene geskenk.




8 MrBeast help op baie plekke waar daar nood is. In Junie 2024 het hy 100 huise vir arm gesinne in Jamaika, El Salvador, Colombia en Argentinië laat bou. Hy het elektrisiteit vir 'n dorpie in Zambië laat aanlê en $30 miljoen se kos help uitdeel.

9 Sy projek, Team Trees, wat hy in 2019 begin het, het al meer as $20 miljoen ingesamel om bome oor die hele wêreld te laat plant. Sy Team Seas-projekte het reeds 14 000 ton plastiek uit die see gehaal.

10 Jimmy het persoonlike bande met Suid-Afrika. Toe hy in 2022 op besoek aan ons land was, het hy Thea Booysen in 'n nagklub in Kaapstad ontmoet. Thea is sélf 'n internetpersoonlikheid en het agterna gesê sy wou hom altyd graag ontmoet het. Hulle het verlede jaar op Kersdag verloof geraak. Thea het op verskeie maniere al vir haarself naam gemaak. Sy het 'n paar grade ontvang en het ook al 'n boek geskryf. MrBeast sê Thea is lief vir leer en hy bewonder dit, want hy self hou ook daarvan om altyd nóg nuwe dinge te leer. Hy ondersteun ook 'n kinderhuis in Khayelitsha.

11 MrBeast stoom voort. Hy het nog groot planne. Hy hoop om in die toekoms wêreldvrede te bring en 'n einde te maak aan hongersnood. 'n Mens kan voorwaar jou hoed lig vir hierdie jong man wat nie net ontvang nie, maar ook gee!

[Verwerk uit *Huisgenoot*, #1434, 5 Desember 2024 en ander bronne]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 VOLTOOI die sinne hieronder deur by elke vraag (1.1.1 tot 1.1.3) EEN of TWEE woord(e) uit paragraaf 2 in te vul.

Jimmy Donaldson is (1.1.1) ... jaar oud. Sy (1.1.2) ... op sosiale media is MrBeast. Hy is baie bekend, want (1.1.3) ... mense kyk na sy video's as na enigiemand anders s'n. (3)

1.2 Kyk na die opskrif van hierdie teks.

Haal EEN woord uit reëls 6 tot 10 aan wat vir ons sê dat MrBeast die koning of prins van sosiale media is. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.3 "Jimmy is die jongste multimedia-miljoenêr in die wêreld wat **op eie stoom** so ryk geword het." (Reël 14 en 15)

Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3) neer.

Hier beteken "op eie stoom" dat Jimmy ...

A sy eie familie gevra het om hom te help.
B nie tyd gemors het om sy video's te maak nie.
C ander mense gemanipuleer het om hom te volg.
D nie op ander staatgemaak het om sukses te behaal nie. (1)

1.4 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

"Die kompetisie op sosiale media is kwaai." (Reël 15)

Dit is 'n voorbeeld van FIGUURLIKE taalgebruik. Dit beteken dat (dit nie maklik is om sukses te behaal nie/mense op sosiale media lelik is met mekaar). (1)

1.5 Waar het Jimmy skoolgegaan? (1)

1.6 Hoe oud was hy toe hy sy eerste video's op *YouTube* gelaai het? (1)

1.7 Jimmy wil hê sy volgelinge moet meer doen as net kyk na die video's wat hy maak.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.8 Van watter wilde video lees ons in paragraaf 6? (1)

1.9 Lees paragraaf 6.

Gee TWEE voorbeelde van mense se kritiek teenoor MrBeast se video's. (2)

1.10 MrBeast gebruik sy *YouTube*-kanaal, Beast Philanthrophy, om ander te help.

Kies 'n omskrywing uit KOLOM B wat by die plek in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–F) langs die vraagnommers (1.10.1 tot 1.10.5) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.10.1 Die see | A help met dierebeskerming |
| 1.10.2 Jamaika | B herstel skade aan die plantegroei |
| 1.10.3 Dorpie in Zambië | C veilige plek vir kinders sonder ouers |
| 1.10.4 Khayelitsha | D veg teen besoedeling |
| 1.10.5 Oor die hele wêreld | E gee blyplek vir mense wat swaarkry |
| | F hoef nie meer kerse te gebruik nie |

(5 x 1) (5)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.11 "Jimmy het persoonlike bande met Suid-Afrika." (Reël 50)

Verduidelik in jou eie woorde wat hierdie persoonlike bande is. (1)

1.12 Wanneer was Jimmy vir die eerste keer in Suid-Afrika? (1)

1.13 Noem EEN van die dinge wat MrBeast nog in die toekoms wil doen. (1)

1.14 "Hy is die 'good-guy influencer'." (Paragraaf 3)

Waarom pas hierdie beskrywing van Jimmy so goed by die inhoud van hierdie teks? (1)

1.15 Lees paragraaf 5 en 10.


Waarom maak dit sin dat Jimmy en Thea so goed by mekaar pas? Verwys in jou antwoord na **die werk wat hulle doen** en **hoe hulle oor leer voel**. (2)

1.16 Hoe ondersteun die eerste foto in die teks die inhoud in paragraaf 2? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


**TEKS B: GRAFIESE TEKS**

Bestudeer die grafiese teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Verwerk uit Statistieke Suid-Afrika, Kwartaal 2, 2018]

[1]**Beroepslui/Ambagslui:** mense met 'n beroep/ambag

1.17 Watter persentasie mans is huiswerkers? (1)

1.18 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Die prentjie  pas by die werk wat 'n tegnikus doen, want hulle (maak stukkende goed reg/verkoop gereedskap.) (1)

1.19 In watter beroep is daar amper net so veel mans as vroue wat die werk doen? Noem EEN. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.20 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Die statistiek oor landbou as beroep gee net vir ons die inligting oor mense wat (by hulle familie geleer het/verder studeer het.) (1)

1.21 Waarom, dink jy, is daar so min vroue wat masjinerie-operateurs is? (1)

1.22 Waarom sal die inligting in hierdie teks jou nie kan help om 'n LO-taak in 2025 te voltooi nie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING B: OPSOMMING**

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

Dit is nie altyd lekker om eksamen te skryf nie, maar daar is dinge wat jy kan doen om jou eksamensessies makliker te maak.

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE **wenke** WAT JOU SAL HELP OM 'N GOEIE EKSAMENSESSIE TE HÊ, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die **wenke** puntsgewys neer.
3. Nommer die **wenke** van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**MAAK JOU EKSAMENSESSIES MAKLIK!**

Bang vir die eksamen? Hier is 'n paar wenke wat jou kan help om eksamensessies makliker te maak.

Jy moet probeer om kalm te bly. Dan kan jy makliker onthou en verstaan. Kandidate kry altyd 10 minute-leestyd om deur die vraestel te kyk voordat hulle begin skryf. Dis 'n goeie idee om hierdie 10 minute sinvol te benut sodat jy weet watter inhoud in die vraestel is. Jou doel is om die hele vraestel betyds klaar te beantwoord. Daarom moet jy jou tyd goed bestuur sodat jy genoeg tyd het om alle vrae te beantwoord.

Instruksies gee vir jou 'n aanduiding van wat jy moet doen. Gevolglik is dit belangrik dat jy alle instruksies noukeurig sal uitvoer. Wanneer jy deur die vrae jaag, gaan jy dalk die sleutelgedagtes mis! Jy moet alle vrae versigtig lees sodat jy verstaan wát gevra word; selfs die meervoudigekeuse-vrae. Dis 'n goeie idee om sleutelwoorde in vrae op 'n manier uit te lig, byvoorbeeld deur dit te onderstreep. Dan weet jy waarop jy moet fokus.

Kandidate is dikwels skrikkerig vir langer vrae en opstelle. Hulle wil alles wat hulle weet vinnig neerskryf en maak dan foute. Doen deeglike beplanning om hierdie tipe vrae te beantwoord. Dit sal jou help om jou gedagtes te orden. Moenie op jou arms lê wanneer jy klaar is nie. Jy kan eerder die tyd wat nog oor is, gebruik om weer deur jou antwoordeboek te gaan en seker te maak jy het jou antwoorde korrek genommer en alle vrae beantwoord.

[Verwerk uit verskeie bronne]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com



## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**




[Eie teks]

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.1 Verbeter die SPELFOUT in die sin.

Wil jy in Daleen Matthee se voetspoore volg? (1)

3.2 Wat is die doel van die twee retoriese vrae onder die opskrif? (1)

3.3 Dán is Letterveertjies nét die kompetisie vir jou!

Motiveer waarom hierdie stelling 'n MENING is. (1)

3.4 Waarom het die adverteerder die pryse wat jy kan wen, in blokkies geplaas?

Gee EEN rede. (1)

3.5 Mense jonger as 18 mag nie aan hierdie kompetisie deelneem nie.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.6 Skryf die GETAL in woorde.

Stuur die finale stuk voor (20) Desember 2025 aan voelnveer@mweb.co.za. (1)

3.7 Kyk na wat jy moet doen om in te skryf.

3.7.1 Waarom sal dit maklik wees om vir die kompetisie in te skryf? (1)

3.7.2 Waarom sal sekere mense nie aan hierdie kompetisie kan deelneem nie? (1)

3.8 Watter belangrike inligting is uit die advertensie weggelaat? (1)


3.9 Watter EEN van die drie prentjies, dink jy, pas die beste by die tipe kompetisie wat hier geadverteer word? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die strokiesprent verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk uit *GoComics*]

4.1 Kyk na RAAMPIE 2.

Hoe weet ons dat Anna gelukkig is? Gee EEN bewys. (1)

4.2 Kyk na RAAMPIE 1 tot RAAMPIE 3.

4.2.1 Watter tegniek word hier gebruik om te wys dat Sara al kwater word vir Anna? Noem EEN. (1)

4.2.2 Hoe verskil dit wat Sara in RAAMPIE 3 **doen** van dit wat sy in RAAMPIE 1 **doen**? (2)

4.3 Kyk na RAAMPIE 4.

Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Die bewegingslyn en die woord "GRYP" wys dat Anna se aksie (vinnig/stadig) gebeur. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.4 Kyk na RAAMPIE 5.

4.4.1 Hoe weet ons dat Ma die situasie tussen die twee kinders rustig hanteer? (1)

4.4.2 Wat beteken die "WAAAHHH!!" in RAAMPIE 5? (1)

4.5 Skryf Sara se ma se woorde in die INDIREKTE REDE. Jy moet **dat** in jou sin gebruik.

Anna, dit is Sara se goed.

**Begin só:** Ma sê ... (1)

4.6 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF. Skryf die hele sin uit.

Dis nie nodig (met haar raas) nie! (1)

4.7 Waarom kan ons sê dat hierdie situasie tussen Anna en Sara geloofwaardig is? (1)
**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**SEUN SAMEL DRIE TON KOS IN VIR DIERE IN NOOD**

Luhan Smit is 'n (5.1.1) (inwoon) van George. Hy samel (5.1.2) (elke jaar) kos in vir diere in nood. (5.1.3) (In 2024 ontvang hy drie ton hondekos deur die Kersliggie-projek.) Dit is die (5.1.4) (baie) kos ooit. Hy het mense uitgenooi om na (5.1.5) (haar/sy) gesin se Kersliggies te gaan kyk. Hulle moes met hondekos of ander (5.1.6) (skenking) betaal.

Dit is die sesde jaar wat Luhan die projek aanpak. Die kos is Vrydagoggend met 'n (5.1.7) (aflewering + wa) by ODIN afgelewer. (5.1.8) Luhan het die kos (vinnig) (vroeg die oggend) (op die perseel) afgelaai.

Luhan is baie trots (5.1.9) (...) dit wat hy en die gemeenskap reggekry het. ODIN, wat meer as 300 honde en katte versorg, beskryf die skenking as 'n uitkoms. Januarie is dikwels 'n (5.1.10) (moeilik) maand vir hulle.

(5.1.11) (Die projek is moontlik gemaak deur die gemeenskap se bydrae.) ODIN se stigter, Colleen Smith, en bestuurder, Marlene Mennie, het hulle (5.1.12) (dankbaarheid) uitgespreek. Sy sê dat die skenking genoeg kos vir 'n maand sal voorsien.

Luhan is 'n (5.1.13) (gr.) 6-leerder aan Laerskool Outeniqua. Hy sê hy hou van ODIN omdat hulle goed na diere omsien. (5.1.14) (ODIN ontvang geen staatshulp nie. Hulle is afhanklik van die publiek se hulp.)

[Bron: Netwerk24, 5 Januarie 2025]

5.1.1 Vorm 'n SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Luhan Smit is 'n (inwoon) van George. (1)

5.1.2 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Hy samel (elke jaar) kos in vir diere in nood. (1)

5.1.3 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

In 2024 ontvang hy drie ton hondekos deur die Kersliggie-projek. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.1.4 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Dit is die (baie) kos ooit. (1)

5.1.5 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies.

Hy het mense uitgenooi om na (haar/sy) gesin se Kersliggies te gaan kyk. (1)

5.1.6 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Hulle moes met hondekos of ander (skenking) betaal. (1)

5.1.7 Gee die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Die kos is Vrydag met 'n (aflewering + wa) by ODIN afgelewer. (1)

5.1.8 Skryf die sin hieronder oor in die korrekte WOORDORDE.

Luhan het die kos (vinnig) (vroeg die oggend) (op die perseel) afgelaai. (1)

5.1.9 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Luhan is baie trots (...) dit wat hy en die gemeenskap reggekry het. (1)

5.1.10 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Januarie is dikwels 'n (moeilik) maand vir hulle. (1)

5.1.11 Skryf die sin in die BEDRYWENDE VORM.

Die projek is moontlik gemaak deur die gemeenskap se bydrae. (1)

5.1.12 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

ODIN se stigter, Colleen Smith, en bestuurder, Marlene Mennie, het hulle (dankbaarheid) uitgespreek. (1)

5.1.13 Skryf die AFKORTING tussen hakies voluit as 'n woord.

Luhan is 'n (gr.) 6-leerder aan Laerskool Outeniqua. (1)


5.1.14 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

ODIN ontvang geen staatshulp nie. Hulle is afhanklik van die publiek se hulp. (daarom) (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.2 Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



[Bron: Adobe Stock]

5.2.1 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in 'n sin sodat die betekenis duidelik is.

Die vliegtuig (vlieg) hoog oor die see. (1)

5.2.2 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

Paul is besig om 'n foto te (vat/neem). (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.2.3 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Daar is 'n klein (blom) op Marietjie se swempet. (1)

5.2.4 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Pietie staan in die son, want hy is (nat). (1)

5.2.5 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Daar is 'n (*message*) in die bottel. (1)

5.2.6 Skryf die sin in die ONTKENNING.

Almal is bang vir die haai. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 1**

**TEKS A: "MrBEAST … KONING VAN *YOUTUBE*, PRINS VAN *TIKTOK*"**
[Verwerk uit *Huisgenoot*, #1434, 5 Desember 2024 en ander bronne]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | 27/sewe(-)en(-)twintig | 1 |
| 1.1.2 | aanlyn naam/naam | 1 |
| 1.1.3 | meer | 1 |
| 1.2 | "nommer(-)een(-)inhoudskepper"<br>*(Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE)*<br>*(EEN WOORD)* | 1 |
| 1.3 | D/nie op ander staatgemaak het om sukses te behaal nie. | 1 |
| 1.4 | dit nie maklik is om sukses te behaal nie. | 1 |
| 1.5 | Greenville Christian Academy | 1 |
| 1.6 | dertien/13 (jaar oud) | 1 |
| 1.7 | Jimmy wil hê mense moet ...<br>• wonder/vrae vra oor dinge/vra of dit wat hulle sien regtig is/hoe hy dit gedoen het.<br>• iets voel as hulle na sy video's kyk./van sy video's hou.<br>• sy blad/kanaal volg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.8 | (Die video) waar hy homself lewend (laat) begrawe het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.9 | • Mense was ongelukkig/omgekrap oor die onsensitiewe taal wat hy soms gebruik.<br>• Die plekke waar die video's gemaak word, (is nie altyd veilig nie).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.10.1 | D/veg teen besoedeling | 1 |
| 1.10.2 | E/gee blyplek vir mense wat swaarkry | 1 |
| 1.10.3 | F/hoef nie meer kerse te gebruik nie | 1 |
| 1.10.4 | C/veilige plek vir kinders sonder ouers | 1 |
| 1.10.5 | B/herstel skade aan die plantegroei | 1 |
| 1.11 | Jimmy se persoonlike bande met Suid-Afrika is ...<br>• sy verloofde/meisie/vrou/geliefde.<br>• sy liefdadigheidsprojek.<br>• die kinderhuis wat hy help.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde in 'n VERDUIDELIKENDE VOLSIN geformuleer. Aanhalings word nie aanvaar nie.)* | 1 |
| 1.12 | (In) 2022 | 1 |
| 1.13 | Hy hoop om ...<br>• wêreldvrede te bring/die wêreld 'n goeie plek vir almal te maak.<br>• 'n einde te maak aan hongersnood.<br>• nóg nuwe dinge te leer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.14 | In die teks lees ons dat Jimmy ...<br>• **nie lelik is met ander** mense op die internet/sosiale media nie.<br>• **mense** wat arm is, **help**/van sy **eie geld gee om** mense/diere/die natuur **te help**.<br>• 'n goeie **voorbeeld vir ander stel** deur mense/diere/die natuur wat swaarkry te help.<br>• **betrokke** is **by liefdadigheid**/'n kinderhuis in Khayelitsha help.<br>• die **wêreld** deur sy aksies **'n beter plek** vir almal wil **maak**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings word nie aanvaar nie.)* | 1 |
| 1.15 | Hulle ...<br>• is albei (bekende) internetpersoonlikhede/maak albei inhoud vir die internet/doen dieselfde werk/is albei suksesvol in hulle loopbane. (WERK) ✓<br>• albei hou van leer/is gretig om te leer/hou daarvan om nuwe dinge/verskeidenheid van dinge te leer. (LEER) ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings word nie aanvaar nie.)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.16 | Die foto wys ...<br>• vir ons wie MrBeast is/hoe hy lyk.<br>• dat hy (baie) volgelinge/*views* het.<br>• dat sy aanhangers al meer word.<br>• dat baie mense van hom en sy werk hou.<br>• dat hy glimlag omdat hy so baie *views* kry.<br>• sy bekendheid/gewildheid.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TEKS B: SUID-AFRIKANERS IN DIE WERKPLEK**
[Verwerk uit Statistieke Suid-Afrika, Kwartaal 2, 2018]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.17 | 3(%) | 1 |
| 1.18 | maak stukkende goed reg | 1 |
| 1.19 | • Beroepslui/Beroepsmense<br>• Verkope en dienste<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.20 | verder studeer het | 1 |
| 1.21 | • Dit word tradisioneel nog as 'n beroep vir mans gesien./Daar is nie genoeg opleiding/geleenthede vir vrouens nie./Daar mag dalk nog diskriminasie teenoor vrouens wees.<br>• Vrouens stel nie belang in die beroep nie.<br>• Nie alle vrouens is tegnies aangelê nie./wil masjiene gebruik nie.<br>• Dit word as 'n gevaarlike werk beskou.<br>• Die omstandighede waaronder daar gewerk word, is nie altyd aangenaam vir vrouens nie.<br>• Mans is fisies sterker as vrouens/kan fisies harder werk as vrouens.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | • Die inligting is verouderd/die bron is 2018 gedateer.<br>• Die inligting is nie meer relevant nie/is van toepassing op 2018.<br>• In die jare tussen 2018 en 2025 het die beroepe/behoeftes/belangstellings/getalle/statistiek(e)/syfers baie verander.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING B: OPSOMMING**

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken
  - Toegewing: Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar een daarvan is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir die taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.

Indien die kandidaat **net 1 direkte aanhaling** het, verdien die kandidaat net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie.

**Getal woorde:**
- Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70 woorde-grens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming ná die sin waarin die 75ste woord voorkom.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 2**

**TEKS C: MAAK JOU EKSAMENSESSIES MAKLIK!**
[Verwerk uit verskeie bronne]

| DIREKTE AANHALING | | EIE SINNE |
|---|---|---|
| Bang vir die eksamen? Hier is 'n paar wenke wat jou kan help om eksamensessies makliker te maak. | | |
| **Jy moet probeer om kalm te bly**. Dan kan jy makliker onthou en verstaan. Kandidate kry altyd 10 minute-**leestyd** om deur die vraestel te kyk voordat hulle begin skryf. **Dis 'n goeie idee om** hierdie **10 minute sinvol te benut** sodat jy weet watter inhoud in die vraestel is. Jou doel is om die hele vraestel betyds klaar te beantwoord. **Daarom moet jy jou tyd goed bestuur** sodat jy genoeg tyd het om alle vrae te beantwoord. | 1 | Probeer kalm bly voor/in die eksamen(sessie)./Bly kalm./Wees kalm voor die eksamen(sessie). |
| | 2 | Gebruik die (10 minute-) leestyd (sinvol/om deur die vraestel te kyk). |
| | 3 | Bestuur jou tyd goed. |
| Instruksies gee vir jou 'n aanduiding van wat jy moet doen. **Gevolglik is dit belangrik dat jy alle instruksies noukeurig sal uitvoer.** Wanneer jy deur die vrae jaag, gaan jy dalk die sleutelgedagtes mis! **Jy moet alle vrae versigtig lees sodat jy verstaan wát gevra word**; selfs die meervoudigekeuse-vrae. **Dis 'n goeie idee om sleutelwoorde in vrae op 'n manier uit te lig**, byvoorbeeld deur dit te onderstreep. Dan weet jy waarop jy moet fokus. | 4 | Voer alle instruksies noukeurig uit./Volg al die instruksies./Lees jou instruksies om te weet wat om te doen. |
| | 5 | Lees alle vrae versigtig/deeglik./ Verstaan wat by elke vraag gevra word./Kry 'n beter verstaan/verstand/ begrip van die vrae./Moenie deur jou vrae jaag nie. |
| | 6 | Lig die sleutelwoorde in vrae op 'n manier uit./Onderstreep die sleutelwoorde in vrae./Gebruik sleutelwoorde om te identifiseer waarop jy moet fokus. |
| Kandidate is dikwels skrikkerig vir **langer vrae en opstelle**. Hulle wil alles wat hulle weet vinnig neerskryf en maak dan foute. **Doen deeglike beplanning om** hierdie tipe vrae **te beantwoord.** Dit sal jou help om jou gedagtes te orden. Moenie op jou arms lê wanneer jy klaar is nie. **Jy kan eerder die tyd wat nog oor is, gebruik om weer deur jou antwoordeboek te gaan** en seker te maak jy het jou **antwoorde korrek genommer** en **alle vrae beantwoord**. | 7 | Beplanning is belangrik by langer vrae en/of opstelle./Beplan langer vrae en/of opstelle deeglik./Doen beplanning by langer vrae en/of opstelle. |
| | 8 | Benut/Gebruik die tyd wat oor is om weer deur jou antwoordeboek te gaan./Gaan weer deur jou antwoordeboek/vraestel./Gebruik ekstra tyd om seker te maak jy het alle vrae beantwoord/genommer./Maak seker jy het korrek genommer/alle vrae beantwoord.<br>(55/58 woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com

| AFDELING C: TAAL<br>ASSESSERINGSRIGLYNE |
|---|
| • Spelling:<br>  ○ Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.<br>  ○ By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.<br>  ○ Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.<br>• Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.<br>• Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae. |

| VRAAG 3<br><br>TEKS D: ADVERTENSIE<br>[Eie teks] |
|---|

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | voetspore *(sp)* | 1 |
| 3.2 | • Dit trek die leser se aandag/prikkel die leser se belangstelling.<br>• Dit gee die leser kans om na te dink oor die vrae.<br>• Dit maak die advertensie meer persoonlik/betrek die leser direk.<br>• Dit oorreed die leser om die hele advertensie te lees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.3 | • Nie almal hou van kompetisies nie./Party mense skryf net omdat dit lekker is.<br>• Nie alle skrywers hou daarvan om aan kompetisies deel te neem nie./Party skrywers wil hulself nie so blootstel nie.<br>• Party mense verkies film of foto's om hulle stories te vertel./Nie almal hou van gedigte of stories skryf nie.<br>• Party skrywers se skryfwerk is te persoonlik om te deel.<br>• Dit is die adverteerder se opinie dat almal van die tipe kompetisie sal hou.<br>• Daar is nie bewyse vir die stelling nie.<br>• Dit is nie nagevors nie.<br>• Die adverteerder ken my nie/weet nie dat ek nie van skryfkompetisies hou nie/weet nie dat ek nie goed kan skryf nie.<br>• Nie almal sal so dink nie./Nie almal wil/kan/sal deelneem nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.4 | • Dit beklemtoon die pryse wat jy kan wen/wys dat daar drie pryse is om te wen.<br>• Dit groepeer die inligting oor elke prys.<br>• Dit stel 'n podium/trappies/bedrae visueel voor.<br>• Dit trek die leser se aandag (na die pryse toe)/lei die leser se oog na die pryse.<br>• Dit manipuleer/motiveer die leser (om die prys te wil wen).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.5 | • Die advertensie noem geen ouderdom(sbeperking) nie.<br>• Daar staan nêrens in die advertensie dat jy 'n sekere ouderdom moet wees nie.<br>• Almal kan aan die kompetisie deelneem.<br>• Daar is geen uitsluiting van enige ouderdomsgroep in die advertensie nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.6 | twintig *(sp)* | 1 |
| 3.7.1 | • Die instruksies is baie duidelik/goed uiteengesit./Daar is instruksies om te volg.<br>• Daar is nie baie stappe om te volg om aan die kompetisie deel te neem nie.<br>• Daar word stap vir stap/in stappe verduidelik wat om te doen.<br>• Die inskrywingsproses is eenvoudig.<br>• Daar is nie baie vereistes om aan die kompetisie deel te neem nie.<br>• Die gebruik van die webtuiste en e-pos maak dit maklik.<br>• Die aanlyn aansoek is makliker/gewilder vir die meeste mense.<br>• Jy kan van enige plek af inskryf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.7.2 | • Die inskrywings moet elektronies gedoen word.<br>• Nie almal het rekenaars om die stories/gedigte op te tik nie.<br>• Nie almal is rekenaarvaardig nie.<br>• Nie almal kan e-posse stuur nie/het rekenaars/selfone/internet om e-posse te kan stuur nie.<br>• Nie almal het die geld om aan die kompetisie deel te neem nie.<br>• Hulle kan nie skryf nie/het nie skoolgegaan nie.<br>• Hulle het nie hande om te skryf nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.8 | • Die inskrywingsfooi/betaling/prys/bedrag<br>• Die bankbesonderhede<br>• (Direkte) kontaknommer/kontakpersoon<br>• Aanvangsdatum van die kompetisie<br>• Wanneer die uitslae bekendgemaak word/die wenner aangekondig word.<br>• Hulle weet nie waar om aansoek te doen vir die afslag nie.<br>• Lengte van skryfstuk/storie<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.9 | • Die hand wat die potlood vashou:<br>○ Jy hou die potlood met jou hand vas as jy skryf.<br>○ Dit wys wat jy moet doen om die storie/gedig te skryf./waaroor die advertensie handel.<br>○ Dit hou verband met 'n skryfkompetisie.<br>• Die veertjie:<br>○ Dit is waarmee stories/gedigte in die ou dae geskryf is.<br>○ Die lyntjie onder die veer wys dat daar met die veer geskryf word.<br>○ Dit pas by die naam van die kompetisie.<br>• Die boek met die potlood en uitveër:<br>○ Mense gebruik boeke/skryfblokke om hulle idees neer te skryf vir hulle stories/gedigte.<br>○ Mense skryf met potlode in boeke om hulle idees/stories/gedigte vas te vang.<br>○ Mense gebruik boeke, potlode en uitveërs om hulle beplanning te doen.<br>○ Mense/skrywers vee dikwels dele uit voor die finale produk.<br>*(Die punt word net vir die motivering toegeken)* | 1 |
| | | **[10]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**
[Verwerk uit *GoComics*]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Anna ...<br>• se hande is in die lug.<br>• skree "JIPPIE". (Aanvaar ook as kandidaat net skryf "Jippie!")<br>• se oë/mond is groot/oop.<br>• glimlag (breed).<br>• gooi 'n papier in die lug.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.2.1 | • Daar is **meer uitroeptekens**./In RAAMPIE 1 is net een uitroepteken en in RAAMPIE 3 is daar drie uitroeptekens.<br>• Die **woorde** word al **groter** geskryf.<br>• Woorde verander na **hoofletters** en dit word **groter** geskryf.<br>• Die **woorde** word al hoe **donkerder** gedruk./Die **woorde** word al **harder** uitgespreek.<br>• Die **lettertipe** in RAAMPIE 3 laat dit lyk of die woorde **bewe** omdat sy so **kwaad** is.<br>• Haar oë/mond raak al groter.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.2.2 | • In **RAAMPIE 1** ...<br>○ lê Sara.<br>○ lê sy en teken/skryf.<br>○ fokus sy op dit wat sy doen.<br>○ praat sy hard met Anna. ✓<br>• In **RAAMPIE 3** ...<br>○ is Sara op haar knieë/kom sy regop.<br>○ gryp sy haar goed by Anna.<br>○ skree sy op Anna.<br>○ maak sy 'n (ge)raas.<br>○ kyk Sara vir Anna. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. EEN punt per raampie.)* | 2 |
| 4.3 | vinnig | 1 |
| 4.4.1 | Ma...<br>• praat met 'n gewone stemtoon/op 'n rustige manier/skree nie op Anna nie/raas nie met Anna nie.<br>• se woorde het nie uitroeptekens nie./eindig met 'n punt.<br>• kyk Anna direk in die oë.<br>• vat rustig Sara se goed by Anna.<br>• se woorde is in kleiner skrif.<br>• gryp nie die voorwerp nie/beweeg rustig/stadig, (want daar is nie bewegingslyne nie).<br>• noem beide se name.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.4.2 | Die kind/Anna **huil/tjank/skree** baie hard/maak 'n (ge)raas/is hartseer/ ongelukkig. | 1 |
| 4.5 | Ma sê **vir/aan Anna dat** dit Sara se goed **is**. | 1 |
| 4.6 | Dis nie nodig **om** met haar **te** raas nie. | 1 |
| 4.7 | • Dit is regtig wat tussen kinders in dieselfde huisgesin/sibbe gebeur.<br>• Susters/kinders baklei gereeld.<br>• Kleiner sussies wil altyd doen wat ouer sussies doen.<br>• Kleiner sussies wil altyd hulle sin hê.<br>• Kinders irriteer mekaar gereeld.<br>• Sussies/kinders wil altyd mekaar se goed vat.<br>• Hierdie situasie kan in die meeste huishoudings afspeel.<br>• Sussies beskerm mekaar gewoonlik as een van hulle in die moeilikheid is/is lief vir mekaar/staan saam in moeilike tye/situasies.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Persoonlike verwysing/perspektief, bv. Ek en my suster/broer ..., kan ook aanvaar word.)* | 1 |
| | | **[10]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 5.1**

**TEKS F: SEUN SAMEL DRIE TON KOS IN VIR DIERE IN NOOD**
[Bron: Netwerk24, 5 Januarie 2025]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | inwoner *(sp)* | 1 |
| 5.1.2 | jaarliks *(sp)* | 1 |
| 5.1.3 | • In 2024 **het** hy drie ton hondekos deur die Kersliggie-projek **ontvang**.<br>• In 2024 het hy deur die Kersliggie-projek drie ton hondekos ontvang.<br>• Hy het in 2024 drie ton hondekos deur die Kersliggie-projek ontvang.<br>*(Enige EEN. Die VERLEDE TYD en WOORDORDE moet taalkundig korrek wees)* | 1 |
| 5.1.4 | meeste *(sp)* | 1 |
| 5.1.5 | sy | 1 |
| 5.1.6 | skenking**s** *(sp)* | 1 |
| 5.1.7 | aflewering**s**wa *(sp)* | 1 |
| 5.1.8 | Luhan het die kos **vroeg die oggend vinnig op die perseel** afgelaai. | 1 |
| 5.1.9 | op | 1 |
| 5.1.10 | moeilik**e** *(sp)* | 1 |
| 5.1.11 | Die gemeenskap se bydrae **het** die projek moontlik **gemaak**. | 1 |
| 5.1.12 | dank-baar-heid/dank+baar+heid/dank/baar/heid/dank baar heid<br>*(Enige EEN. Die verdeling moet volledig wees.)* | 1 |
| 5.1.13 | graad/Graad *(sp)* | 1 |
| 5.1.14 | ODIN ontvang geen staatshulp nie**; daarom** is hulle afhanklik van die publiek se hulp./is hulle van die publiek se hulp afhanklik.<br>*(Penaliseer nie indien die leesteken op die verkeerde plek is of ontbreek nie)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| **VRAAG 5.2**<br><br>**TEKS G: PRENT**<br>[Bron: Adobe Stock] |
|---|

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Voorbeeld waar **vlieg** in 'n ander betekenisverband gebruik word, bv.:<br>• Daar sit 'n **vlieg** op die tafel. *(S.nw wat na die insek verwys)*<br>• Hy **vlieg** by die deur uit. *(ww. – Figuurlike aanslag)*<br>• Hy is die **vlieg** in die salf. *(S.nw. – Figuurlike aanslag)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.2.2 | neem | 1 |
| 5.2.3 | blom**metjie** *(sp)* | 1 |
| 5.2.4 | • papnat *(sp)*<br>• sopnat *(sp)*<br>• papsopnat *(sp)*<br>• waternat *(sp)*<br>• druipnat *(sp)*<br>• deurnat *(sp)*<br>• watersopnat/sopwaternat *(sp)*<br>• dronknat (informeel) *(sp)*<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.2.5 | boodskap<br>*(Fonetiese spelling word aanvaar)* | 1 |
| 5.2.6 | • **Niemand/Geeneen** is bang vir die haai **nie**.<br>• Almal is **nie** bang vir die haai **nie**.<br>• **Nie** almal is bang vir die haai **nie**.<br>*(Enige EEN. Aanvaar indien kandidaat met NEE begin en die ontkennende deel is korrek.)* | 1 |
| | | **[20]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **80** |

Kopiereg voorbehou